

Tussen die spoelklippe

In die rivierstroom, tussen die spoelklippe, word sommige fyngehaal en ander gepoleer. Dit hang af van watter stoffasie jy is.

Hierdie gevleuelde woorde herinner aan die Skrifwoord: "*Selvs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus*" (1 Pet 1:7).

Lyding hoor perspektiewe, oop perspektiewe wat jy sonder die beproewing miskien nooit sou gehad het nie. Wie met die lydingsvraagstuk worstel, moenie vra '*waarom*' nie, maar '*waartoe*'. Op die vraag waarom? (wie se skuld) is die man blind gebore, antwoord Jesus met '*waartoe*' (met watter doel) naamlik "*sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word*" (Joh. 9:3).

Die lydingskamer is die *wagkamer* op die volmaakte toekoms maar ook *werkkamer* aan die toekoms. Die Christelike hoop skep nie eelte aan die siel wat verhoed om die lewe te ervaar en voluit te lewe nie. Lyding is daarom nie 'n dowwe berusting in die status quo nie maar 'n aktiewe geloofsdaad wat oproep tot 'n reikhalende verlanget na die toekoms.

Die Christelike hoop ontvou die horison op 'n winkende toekoms. Na die kruis kom die kroon van oorwinning. Die suiwerheid van goud word getoets. Die egtheid van geloof word getoets.

In die storms van die lewe, tussen die spoelklippe, poleer God sy kind tot 'n sierlike en gepoleerde bouklip vir sy ewige bouwerk.

Dr. P.W. Bingle (Kaapstad)